

Sekswerkers in SA smag steeds na transformerende geregtigheid 30 jaar ná demokratisering

Marna Lourens*

Met die viering van 30 jaar van demokrasie in Suid-Afrika, is dit van kardinale belang om die kollig op 'n hoogs gemarginaliseerde groep in ons samelewing te laat val: volwasse vroulike sekswerkers. Ondanks vordering rakende geslagsgelykheid en die verskansing van [seksuele regte](#) in ons Grondwet, word sekswerk steeds [gekriminaliseer](#). Kragtens hierdie regime van [algehele](#) kriminalisering pleeg mense wat seks verkoop en koop 'n misdaad.

Die kriminalisering van konsensuele volwasse sekswerk in Suid-Afrika is 'n oorblyfsel van [koloniale en apartheidsera-ideologieë](#). Hierdie wette is ontwerp om rigiede geslagnorme af te dwing en bestraffende beheer uit te oefen. Vandag sluit hierdie verouderde wetlike raamwerk sekswerkers steeds van grondwetlike beskerming uit, wat hulle in 'n siklus van ongelykheid, marginalisering en stigmatisering vasvang en van hulle maklike teikens maak.

Hulle werk noodgewonde in 'n onwettige sfeer en word gereeld aan [menseregteskendings](#) deur kliënte en die polisie blootgestel, insluitend liggaamlike mishandeling, seksuele geweld en 'n gebrek aan toegang tot regs- en gesondheidsdienste. Hulle werk in die skadu van die reg en is deel van die informele arbeidsmark, wat hul blootstelling aan diskriminasie en ongelykheid vererger.

Die [vervrouliking](#) van armoede, onvoldoende sosiale dienste en diep ingeburgerde samelewingshoudings oor seks en geslagsrolle word met nasionale beleide en magsdinamika vervleg om hul uitsluiting van wetlike beskerming te handhaaf. Die Covid 19-pandemie het die onstabiliteit en onsekerheid in hul lewe net vererger.

Volgens navorsing deur die [Suid-Afrikaanse Nasionale Vigsraad](#) is daar tussen 131 000 en 183 000 sekswerkers in die land, waarvan die meeste vroue is. Sommige kies sekswerk, maar talle word deur 'n gebrek aan lewensvatbare alternatiewe daartoe gedryf. Hul soeke na 'n beter bestaan en [persoonlike lewensverhale](#) onthul stories van liefde, opoffering en verlange, maar ook trots oor swaar verworwe onafhanklikheid. As die komplekse mengsel van sosiale, ekonomiese en kulturele redes vir betrokkenheid by sekswerk oorweeg word, is dit 'n aktiewe keuse, maar binne die raamwerk van 'n reeks dwingende omstandighede wat sekswerk soms die enigste of mees lewensvatbare opsie vir talle vroue maak.

Die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika het 'n verskuiwing van straf na sosiale geregtigheid meegebring. Hierdie transformasie [is egter nie ten volle na sekswerkers uitgebrei nie](#). Die wetlike en sosiale raamwerk moet ontwikkel om die komplekse realiteite van sekswerk aan te pak. Dit vereis 'n herformulering van ons benadering, 'n wegbeweeg van kriminalisering na 'n erkenning van sekswerkers se regte en agentskap. Miskien is vanjaar se Vrouedag (9 Augustus) 'n gepaste oomblik vir ons om te begin nadink oor hoe ons dinge anders kan doen.

Die konsep van [interseksionaliteit](#) bied 'n waardevolle lens waardeur sekswerk beskou kan word. Hierdie benadering erken die veelvuldige, oorvleuelende vorms van diskriminasie wat sekswerkers ervaar en dit strook met grondwetlike en menseregtebeginsels. Ons sal groter waardering vir sekswerkers se veerkragtigheid, agentskap en uitdagings hê as ons dit deur 'n interseksionele lens bekyk. Interseksionaliteit laat die kollig op die uiteenlopende ervarings van sekswerkers val. Hoe sekswerk 'n keuse kan wees, al word dit binne baie wesentlike beperkende omstandighede uitgeoefen.

Sekswerk is dalk nie 'n ideale beroep vir almal nie, maar ons almal se keuses word deur ons eie spesifieke omstandighede beperk. So ook die vroue wat besluit om dié beroep te betree as die beste keuse om hulleself te onderhou, hul gesinne te voed, vir duur mediese sorg te betaal, te ontsnap uit verhoudings of gesinsomstandighede waarin hulle mishandel word, en geld vir universiteit of as gevolg van kulturele praktyke en norms te verdien.

In die saak [Mahlangu vs die Minister van Arbeid](#) (2021) het regter Margie Victor gewys op die behoefte aan wetsvertolkings wat ten doel het om die nadele wat deur interseksionele diskriminasie veroorsaak word, te verwyder en reg te stel. Om hierdie perspektief op sekswerk toe te pas beteken om die agentskap en volharding van sekswerkers tesame met die swaarkry wat hulle verduur, te erken. Dit gaan daaroor om hul werk te sien as 'n uitdrukking van vrye wil, wat deur wyer sosiale en ekonomiese kragte beïnvloed word.

Om betekenisvolle verandering te bewerkstellig moet wetgewers op beide persoonlike en institusionele vlak met sekswerkers skakel. Hierdie interaksie moet beleide beïnvloed wat sekswerkers se regte beskerm en ondersteun en wat hul veiligheid, waardigheid en agentskap verseker. Deur van 'n bestraffende benadering tot transformerende geregtigheid te beweeg word erkenning verleen aan die sistemiese kwessies wat uitbuiting en marginalisering laat voortduur. Dit laat die kollig val op hoe mag spesifieke vroue beïnvloed.

Transformerende geregtigheid vir sekswerkers behels 'n skuif van kriminalisering na 'n raamwerk wat die breër sosiale strukture wat tot hul uitbuiting bydra, erken en aanpak. Deur sekswerkers se stemme en ervarings die kern van beleidmaking te maak kan ons 'n meer inklusiewe en regverdige samelewing vir almal skep.

Terwyl die Suid-Afrikaanse regering se mees onlangse pogings tot dekriminalisering in die vorm van die Wysigingswetsontwerp op die Strafreë oor Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede verwelkom word, het die onderliggende narratief nog nie genoeg gedoen om sekswerkers as mense met agentskap uit te beeld nie. Om sekswerkers slegs as slagoffers van geweld en omstandighede uit te beeld is om die komplekse posisionaleiteit van hul lewe te ontken. Wanneer kommersiële seks eerder as 'n veelkantige gebeurtenis verstaan word, word die bestaan van verskeie grondwetlike reëlins, magsverhoudings en werkerservarings binne die sektor as 'n feit aanvaar.

Ofskoon hierdie begrip die moontlikheid van uitbuiting en geweld in sekswerkers se lewe erken, erken dit ook die vele variasies van sekswerk wat dit problematies maak om sekswerk tot óf uitbuiting óf eenvoudige seksuele arbeid te reduseer. Soos met ander soorte werk, kan sekswerk aspekte van uitbuiting en dwang én aspekte van agentskap en keuse hê. Sekswerk kan dus nie outomaties tot 'n hedendaagse vorm van [slawerny](#) (handel) of geweld gereduseer word nie.

Hierdie meer genuanseerde benadering het ten doel om aspekte aan te pak wat met kommersiële seks verband hou, insluitend stigma, diskriminerende praktyke en uitbuiting; die uitgangspunt synde dat dit nie die samelewing is wat beskerming teen sekswerk nodig het nie, maar sekswerkers wat teen gemeenskapsveroordeling, stigmatisering en die skending van hul mense- en grondwetlike regte beskerm moet word.

***Dr Marna Lourens is 'n projekbestuurder en navorser by die Sentrum vir Sosiale Geregtigheid aan die Universiteit Stellenbosch.**